

*Die Openbaring van Yahshua Christus*

*Hoofstuk 10*

*Deur William Finck*

*Alle vers vertalings geneem uit die Afrikaans 1933/1953 vertaling*

**“1 EN ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; 2 en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; 3 en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. 4 En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gesprek het, en skryf dit nie op nie.”**

In 'n 8ste-eeuse brief deur 'n Engelse biskop genaamd Cuthbert, het ons die volgende waar hy praat van Bede, die beroemde Engelse geestelike en historikus, en ons moet dit hoor as ons in gedagte hou dat hierdie manne Engelse Rooms-Katolieke biskoppe was: "In daardie dae bowendien, benewens die lesse wat ons van hom ontvang het en die sing van die Psalms, was daar twee noemenswaardige werke wat hy gepoog het om tot stand te bring, naamlik die Johannesevangelie, wat hy in ons tong [Saksies] vertaal het tot voordeel van die Kerk, en sekere uittreksels uit die boeke van biskop Isidore...." Ons sien dus dat die vertaling van die Bybel, of gedeeltes daarvan, 'n heeltemal aanvaarbare poging was wat deur Rooms-Katolieke priesters in die 8ste eeu nC onderneem is. Trouens, in sy Ecclesiastic History het Bede dikwels mans beskryf wat goed onderig was en wat die Skrif nie net in Latyns gelees het nie, maar ook in Grieks. Tog het die Roomse Kerk kort na hierdie tye in 'n rigting gedraai wat absoluut in stryd

was met die Gees van die Skrif, en het 'n poging aangewend om die Woord van God te onderdruk en uit die ore van die mense te hou. Pous Innocentius III het in 1199 gesê: "... tereg wys is diegene wat die Evangelies, die briewe van Paulus, die psalter, ens in Frans vertaal. Hulle word beweeg deur 'n sekere liefde vir die Skrif om dit in die geheim te verduidelik en verkondig hulle aan mekaar. Die geheimenisse van die geloof moet nie oorhaastig aan enigiemand verduidelik word nie. Gewoonlik kan hulle nie deur almal verstaan word nie, maar slegs deur diegene wat gekwalifiseer is om hulle met ingeligte intelligensie te verstaan. Die diepte van die goddelike Skrif is sodanig dat nie net die ongeletterdes en oningewydes sukkel om dit te verstaan nie, maar ook die opgevoede en begaafdes." (Denzinger-Schönmetzer, *Enchiridion Symbolorum* pp 770-771, uit *Bridging the Gap - Lectio Divina, Religious Education, and the Have-not's* deur Vader John Belmonte, S.J.)

Die Raad van Toulouse, wat in November van 1229 vergader het, omtrent die tyd van die kruistog teen die Albigensiers, het 'n spesiale kerklike tribunaal, of hof, bekend as die Inkwisisie (Lat. *inquisitio*, 'n ondersoek) op die been gebring om kettters uittesoek en ter reg te stel. . Twintig van die vyf-en-veertig artikels wat deur die Raad bepaal is, het oor kettters en dwaalleer gehandel. Dit het gedeeltelik beslis: Kanon 1. Ons stel dus aan dat die aartsbiskoppe en biskoppe een priester en twee of drie leke van goeie verslag, of meer as hulle goeddink, in elke gemeente, beide in en buite stede moet sweer, wat ywerig, getrou en gereeld die kettters in daardie gemeentes sal opsoek deur alle huise en ondergrondse kamers wat onder verdenking lê, te deursoek. En kyk uit vir aanhangsels of buitegeboue, in die dakke self, of enige ander soort wegkruipplekke, alles wat ons beveel om vernietig te word. Kanon 6. Gee opdrag dat die huis waarin enige ketter gevind sal word, vernietig moet word. Kanon 14. Ons verbied ook dat die leke toegelaat moet word om die boeke van die Ou of Nuwe Testament te hê; tensy iemand

uit 'n motief van toewyding die Psalter of die Breviary sou wou hê vir goddelike ampte of die ure van die geseënde Maagd; maar ons verbied hulle ten strengste om enige vertaling van hierdie boeke te hê. [Bron: Heresy and Authority in Medieval Europe, Geredigeer met 'n inleiding deur Edward Peters, Scholar Press, London, kopiereg 1980 deur Edward Peters, ISBN 0-85967-621-8, pp. 194-195, met verwysing na SR Maitland, Feite en Dokumente [illustreerend van die geskiedenis, leerstellings en rites, van die antieke Albigense en Waldense], Londen, Rivington, 1832, pp. 192-194.]

Hierdie edikte van die twaalfde en dertiende eeue was van die eerste reaksies van 'n tirannieke kerk teen mense wat die Skrif gelees het en nie met Rome saamgestem het in die interpretasie van die betekenis daarvan nie. Daar was biskoppe wat aktief probeer het om Bybels te vernietig, en selfs geëis het dat mense dit inhandig. Dit was ook in die twaalfde eeu dat die onafhanklike Culdee-kerk van Ierland en Skotland, wat nooit aan die Roomse Katolieke verwant was nie, aan Rome onderwerp is. Terwyl Rome "een ware kerk" gesoek het, het Paulus intendeel vir die Korintiërs gesê dat "daar ook sektes onder julle moet wees, sodat dié wat goedgekeur is, onder julle duidelik sal word", in 1 Korintiërs 11:19. En uit sy werk leer ons ook van die mense van Beroia dat "Hulle was van 'n edeler ras as dié in Thessalonika, wat die Woord met alle gretigheid aangeneem het, en elke dag die geskrifte ondersoek het, of hierdie dinge so sou wees. So het baie onder hulle geglo, en van die edele Griekse vroue en manne nie min nie", in Handeling 17:11-12. Die Liggaam van Christus is 'n versameling klippe wat homself opbou in gemeentes van Yahweh (1 Petrus 2:5, 9: "5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus." 9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.) Paulus sê ook in Efesiërs Hoofstuk 4 " 15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat

die Hoof is, naamlik Christus, 16 uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.”

Daar is van Christene verwag om self die Skrif te bestudeer en tot hulle eie gevolgtrekkings te kom en volgens daardie gevolgtrekkings op te tree. Op daardie manier verstaan ons dat God in beheer is, en nie die mens nie. Die Rooms Katolieke Kerk het duidelik nie van daardie idee gehou nie, aangesien dit slegs 'n professionele heidense priesterdome was wat gevrees het om beheer oor die mense te verloor. Daarom simboliseer die engel met die oop boekie, wat uit die hemel neerdaal, die Woord van God in die hande van die mense, in die vorm van die Bybel, wat die mense ten minste in 'n mate gehad het, soos blyk uit Bede, en wat die Roomse Kerk probeer wegneem het. Die uitvinding van die drukpers deur Johannes Gutenberg omstreeks 1440, waarop een van die eerste massavervaardigde boeke 'n kopie van die Latynse Vulgaatbybel was, en wat 'n kort rukkie later 'n rewolusie in die verspreiding van gedrukte materiaal veroorsaak het van Christelike skrywers soos Luther en Erasmus, verseker dat die Bybel vir altyd 'n vaste plek in Christelike huise sal hê.

**“5 En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, 6 en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; 7 maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.”**

In die King James Version lees die einde van vers 6 as "daar behoort nie meer tyd te wees nie", maar tog word die Griekse woord dikwels gebruik om vertraging aan te dui, en dit is hoe dit hier gelees word. Bertrand Comparet het beweer dat hierdie vers moet lees "daar sal nog een keer wees", en het 'n belaglike argument gemaak ten spyte van al die vertalings wat hy self tot die teendeel aangehaal het. In werklikheid is daar geen manier dat ὅτι χρόνος οὐκέτι ἔσται ooit "daar sal nog een keer" kan beteken nie, 'n weergawe wat "een" by die teks voeg en die negatiewe οὐκ ignoreer, en Comparet was verkeerd. Tog is χρόνος, letterlik "tyd", ook "vertraging", en net so behoorlik hier. Die Grieke het 'n paar werkwoorde gehad wat van χρόνος afgelei is, wat beteken "om te vertraag" of "om tyd te mors" (χρονίζω, χρονοτριβέω), en met χρόνος, IV, is dit ook letterlik "vertraaging van tyd". Aangesien "tyd" in konteks hier geen sin maak nie, sou "vertraging" 'n behoorlike vertaling wees, en Rotherham, Smith & Goodspeed, en Moffatt, onder diegene wat Comparet aangehaal het, het almal die klousule redelik goed vertaal.

Die interpretasie regverdig die vertaling. Die sewende boodskapper blaas eers die trompet aan die einde van hoofstuk 11, in vers 15. Dit is 'n komplekse kwessie. In Daniël Hoofstuk 7, verse 13 tot 21, sien ons dat nadat die diereryke hul heerskappy verloor het, die koninkryk oorgegee word aan die heiliges van die Allerhoogste, Daniël 7:22. Hieroor sal breedvoerig gepraat word in die kommentaar vir Openbaring Hoofstuk 13. Dit was die Hervorming wat hierdie proses begin het. Die Hervorming het die hoofliggaam van die volk van God – die Saksiese volk – bevry van die mag van die tweede dier van Openbaring 13 wat ook die horinkie van Daniël Hoofstuk 7 is – wat die Roomse Kerk-pousdom is. Toe dit gebeur het, het die Saksiese volke van Noord-Europa inderdaad wêreldhegemonie verkry, en hulle is vandag steeds die grootste kulturele invloed in die wêreld al is hulle nie meer as 'n twintigste van die bevolking nie. Maar vandag is daar ander

profesieë wat ontvou en ons raak, en dit sal in die latere hoofstukke van die Openbaring bespreek word, veral in Hoofstuk 17.

Die Geheimenis van Yahweh is die verberging en die latere openbaring van Sy volk. Die verberging het gebeur na die Assiriese deportasies van Israel, en die openbaring sou in die Evangelie gebeur. Daarom lees Lukas 2:30-32 so, waar Simeon deels uitroep: “ 30 omdat my oë u heil gesien het, 31 wat U berei het voor die oë van al die volke – 32 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel.”

As tweede getuie is hier die Christogenea New Testament vertaling van Efesiërs 3:1-7: “1 For this cause I, Paul, captive of Christ Yahshua on behalf of you of the Nations, 2 if indeed you have heard of the management of the family of the favor of Yahweh which has been given to me in regard to you, 3 seeing that by a revelation the mystery was made known to me (just as I had briefly written before, 4 besides which reading you are able to perceive my understanding in the mystery of the Anointed,) 5 which in other generations had not been made known to the sons of men, as it is now revealed in His holy ambassadors and prophets by the Spirit, 6 those Nations which are joint heirs and a joint body and partners of the promise in Christ Yahshua, through the good message 7 of which I have become a servant in accordance with the gift of the favor of Yahweh which has been given to me, in accordance with the operation of His power.” Dit is ten volle duidelik dat die kinders van Israel deur die profesieë van die Ou Testament geopenbaar sou word in hulle vervulling van die Woord van Yahweh by ontvangs van die Evangelie, en dit is wat in die Hervorming gebeur het, al het hulle self nie dit besef nie. Die mense wat ons sien bou aan die Koninkryk van God na die verduistering van die pousdom, dit is die volk van God, duidelik in Daniël Hoofstukke 2 en 7 en hier in Openbaring Hoofstuk 10.

“8 En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan. 9 En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning. 10 Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword. 11 En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.”

Mans was lief daarvoor om die Woord van God te lees en daarvoor te praat. Maar soos die apostel Petrus ons gewaarsku het, by 1 Petrus 1:3-9: “ 3 GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, 4 sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons 5 wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. 6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewing, 7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus; 8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap, 9 en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.”

Net so het Jakobus gesê: “ 12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here belof het aan die wat Hom liefhet.” (Jakobus 1:12) Ons besef nie hierdie beproewing wanneer ons die dinge van die wêreld omhels en ons by die wêreld aansluit nie, solank ons die dinge van die wêreld het. Maar

wanneer ons die dinge van God nastreef, dan besef ons dit, en bid dat Hy ons daarvan bewaar en onself bedek met die Bloed van die Lam.

Daarom is die Woord van God soet in ons mond, maar bitter in ons maag. As ons, ons by die dinge van die wêreld aangesluit het, maak dit ons seer om dit te hoor, maar as ons dit geniet om dit te hoor, maak dit ons ook “pyn” om daarvolgens te lewe as gevolg van die twis wat ons van die wêreld kry. Esegïël het dit so gestel, by Esegïël 2:8-3: “ 8 Maar jy, mensekind, luister na wat Ek jou sê; wees nie wederstrewig soos die wederstrewige huis nie; maak jou mond wyd oop, en eet wat Ek jou gee. 9 Toe kyk ek, en daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en daarin 'n boekrol! 10 En Hy het dit voor my uitgesprei; en dit was beskrywe op die voor- en agterkant, en daarop was geskrywe klaagliedere en gesug en wee.” 3 “1 DAARNA het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. 2 Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet 3 en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet.”

Die begeerte van die Germaanse volke om te lees en hul wil om die Woord van God te volg sodra hulle hul Bybels kon lees, het veroorsaak dat hulle in opstand gekom het teen die tirannieke Roomse Kerk, wat op hul beurt groot oorloë in Europa veroorsaak het, veral die Dertigjarige Oorlog in Duitsland, die vernietiging van die Hugonote onder Catherine di Medici in Frankryk, en al die bloedvergieting van die Engelse Hervorming en die tydelike ommekeer daarvan in die 16de eeu. Daar word beraam dat daar soveel as 12 miljoen sterftes in die Dertigjarige Oorlog alleen was, alles omdat die pouse gedink het hulle het die reg om oor mense te heers. Niks hiervan is Christelik nie. Die magte van die bouse wat die mense wou onderdruk – gekombineer met die Nikolaiëte onder ons eie mense wat vir ewig poog om oor



ons te heers – sou die Woord van God uitgeblus het, dit totaal uit ons lewens verwyder en vervang het met kerkwet en pouslike dekrete.